

## 23. Die evangelie versprei na die heidene

### Handelinge 9: 32 tot Handeling 10

#### **Nie-Jode kry deel aan Christus se verlossingswerk**

Deur die werking van die Heilige gees versprei die evangelie na die heidene. Hierdie hoofstuk fokus op:

- Wonderwerke word in die Naam van Jesus gedoen en bevestig God se almag.
- Almal wat tot geloof kom, kry deel aan die verlossing van Jesus Christus.
- Die wat tot geloof in Christus kom, ontvang die doop as teken van verlossing.

#### **Petrus besoek die gemeentes**

Ná Paulus se bekering kom die vervolging voorlopig tot 'n einde en was daar vrede vir die Christene. Petrus besoek gedurende hierdie tyd van kalmte die verskillende gemeentes in die Joodse land om hulle op te beur, te vertroos en om orde te skep.

Waarskynlik het die verskillende gemeentes onafhanklik en apart van mekaar opgetree. Filippus verkondig die evangelie selfs buite die grense van Judea. Petrus moes Samaria besoek, vermoedelik om die gemeente op 'n vaste grondslag te plaas. Die dood van Stefanus en die vervolging van die Christene deur veral Paulus, het daartoe bygedra dat baie Christene oor die streke van Judea en Samaria verstrooi is.

#### **Die wonderwerk by Lidda**

So het Petrus by Lidda uitgekom. Lidda lê in die ou landstreek van die Filistyne, nie ver van die Middellandse See nie. Terwyl hy hier by die gelowiges was, het hy 'n man met die naam Eneas ontmoet. Hy was al agt jaar lank bedlënd en verlam. Petrus sê vir hom: "Eneas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op!" Eneas het dadelik opgestaan en sy bed opgemaak.

Petrus doen die wonderwerk nie uit homself nie, maar in die Naam van Jesus wat oor die mag beskik om mense gesond te maak<sup>169</sup>. Petrus doen dit ook vir die inwoners van hierdie gebied. Die gevolg was dat die inwoners van Lidda en die landstreek van Saron wat die wonderwerk aanskou het, tot bekering kom.

### **Petrus word na Joppe ontbied**

Die stadjie Joppe aan die Middellandse See was 'n hawe, vandag bekend as Jaffa, 'n voorstad suid van Tel Aviv. Hier het 'n sekere vroulike dissipel met die naam Dorkas (in Aramees is sy Tabita genoem) siek geword en gesterwe. Die mense het baie goeie dinge van haar vertel. Sy het klere en geld vir die arm mense gegee.

Na Dorkas se dood het hulle haar gewas en in 'n bo-vertrek neergelê. Die gerug van die wonderwerk by Lidda, waar Petrus Eneas gesond gemaak het, het ook tot Joppe versprei. Twee manne gaan na Lidda om Petrus te smee om dadelik na Joppe te kom. Petrus gaan en nadat hulle hom in die bo-vertrek gebring het waar Tabita neergelê is, kom 'n aantal weduwees by hom staan en huil en hulle wys vir hom die klere wat sy gemaak het.

### **Die wonderwerk in Joppe**

Petrus is diep geraak. Hy stuur almal uit, kniel neer en bid. Anders as in die geval van Eneas is dit nie nodig dat die skare die wonderwerk moet sien nie. Daarop sê Petrus: "Tabita staan op!" Sy maak haar oë oop en sit regop. Hy laat haar opstaan en neem haar na die weduwees en ander gelowiges wat daar was. Ons kan aanneem dat almal die Naam van die Here geloof het.

Hier by Joppe het Petrus Christus verheerlik. Toe die wonderwerk bekend word, het baie in Jesus begin glo. Die Christene se geloof is versterk en die koninkryk van God brei uit. In Joppe bly Petrus vir 'n geruime tyd by Simon, 'n leerlooier.

Vir die Jode is die werk van 'n leerlooier eintlik as onrein beskou. Dit wys dat Petrus nie meer ten alle koste aan die voorskrifte van "rein" en "onrein" vasgehou het nie.

---

169 Mark. 2: 10 en 11 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe - sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

## **Cornelius se gebed**

Cornelius was 'n kaptein van die Italiaanse leërafdeling in die groot hawestad Cesarea, noord van vandag se Tel Aviv. Hierdie stad is deur die Romeine gebou en is vernoem na keiser Augustus. Cornelius was vermoedelik net soos die kaptein van Kapernaum bekend met die Joodse godsdienst en het nie meer Romeinse gode aanbid nie. Hy, met sy hele huis, was vroom, godvresend en het arm mense gehelp. Hy het sekerlik van Jesus gehoor, maar nie geweet dat Hy die Saligmaker en Verlosser is nie.

In 'n gesig sien hy 'n engel van God wat vir hom sê: "Cornelius, God het jou gebede en aalmoese raakgesien". God beveel hom deur die engel om manne na Joppe te stuur en Petrus te versoek om na Cesarea te kom. Cornelius stuur twee van sy huisbediendes en 'n vroom soldaat na Joppe om Petrus te gaan haal.

Petrus het geweet dat God ook onder die heidene met sy genademiddele begin het, maar hy meen dat die heidene net deur die besnydenis deel aan die evangelie kan hê. Hy moet loskom van die vooroordeel dat 'n heiden eers tot die Jodedom moet oorgaan voordat hy 'n Christen kan word. Hier in Joppe besef Petrus dat hy geen mens as onrein mag beskou nie.

## **Gesig van Petrus op die dak**

Om twaalf uur klim Petrus in Joppe op die plat dak om te gaan bid. Sy oë gaan oor die see en daar sien hy die Romeins-Griekse galeie. Op die dak sien Paulus 'n gesig. Hy sien die hemel geopen en 'n voorwerp soos 'n laken aan die vier hoeke vasgebind en neergelaat. Daarin was al die wilde en kruipende diere en voëls.

Toe hoor hy 'n stem wat sê: "Staan op, Petrus, slag en eet!" Petrus antwoord: "Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs en onreins geëet nie." Volgens die spyswette van Moses mag 'n Jood slegs viervoetige diere eet wat gesplete kloue het en wat herkou<sup>170</sup>. Al die ander diere was onrein.

Petrus wil gehoorsaam wees aan die wet van Moses. Maar die Here antwoord: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie." Drie maal hoor Petrus hierdie stem. Petrus leer hieruit dat hy die heidene wat God geheilig het, nie onrein mag ag nie.

---

170 Lev. 11: 2 en 3 Spreek met die kinders van Israel en sê: Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is. Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou dit mag julle eet.

## **Petrus gaan na Cornelius**

Terwyl Petrus oor die gesig nadink, staan drie manne voor die huis van Simon, die leerlooier. Hulle is deur Cornelius gestuur. Die Heilige Gees beveel Petrus om af te klim en saam met die manne te gaan. Na hulle die doel van hulle besoek aan Petrus vertel het, besef Petrus dat hy na die heidene moet gaan om aan hulle die boodskap van die saligheid te verkondig. Hy mag hulle nie langer as onrein beskou nie. Die volgende dag pak hulle saam met enkele broeders van Joppe die terugreis na Cesarea aan.

Cornelius glo vas dat Petrus sal kom. Daarom het hy sy familie en vriende uitgenooi om sy koms af te wag. As Petrus arriveer, is Cornelius so bly dat hy hom bygelowig hulde wil bring deur aan sy voete neer te val. Petrus vermaan hom om dit nie te doen nie omdat hy net 'n gewone mens is.

Vir Petrus is dit 'n groot toets. As Jood was hy nog nooit oor die drumpel van 'n heiden nie. Hy erken egter dat God aan hom getoon het om geen mens onheilig of onrein te noem nie. Cornelius verduidelik ook waarom hy die drie manne gestuur het, terwyl Petrus vertel wat hy op die dak ervaar het. Hy gebruik dit as aanknopingspunt vir die verkondiging van die evangelie. Petrus besef nou dat God nie net gebonde is aan een volk nie, maar dat Hy almal aanneem wat in Hom glo.

## **Petrus se preek**

Hierop begin Petrus met sy eerste preek aan 'n gehoor van mense uit die heidene. As tema kondig hy aan: Jesus Christus is die Here van almal. Hy vertel van die lewe en werk van Jesus vanaf die doop van Johannes die Doper tot aan die kruisiging en opstanding uit die dode. Hy vertel van die verskynings van die Here. Hy wys daarop dat Jesus nie aan almal, sy vyande inkluis, verskyn het nie, maar uitsluitlik aan diegene wat sy getuies sou wees. Hulle moes getuig voor alle volke dat God Jesus Christus bestem het as Regter van die lewendes en die dooies, maar dat daar ook vergifnis van sonde is vir almal wat in Hom glo.

Petrus is nog besig om te praat, toe daal die Heilige Gees skielik op die aandagtige hoorders neer. Dit is nie 'n nuwe uitstorting van die Gees nie, maar 'n kragtige betuiging van die teenwoordigheid en werking van die Gees in die hoorders. Hulle is aangegryp en praat in tale en prys God.

Hierdie praat in tale is anders as dié op die Pinksterdag. Dit is die uiting van ekstatiëse geluide en is deur niemand verstaan nie. Indien iemand aanwesig was wat van die Gees die gawe ontvang het om tale te praat lê, sou hy wel kon uitlê wat gesê is<sup>171</sup>.

### **Bekeerdes in Cesarea word gedoop**

Die Jode wat saam met Petrus van Joppe gekom het, was verbaas om te sien dat die gawe van die Heilige Gees ook aan die heidene gegee is. Ook Petrus wat reeds in Samaria 'n soortgelyke gebeurtenis beleef het, het weer diep onder die indruk gekom. Na 'n tydjie is Petrus weer aan die woord en sê: "Niemand kan tog keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, gedoop word?" Daarop gee hy opdrag dat die mense gedoop moet word in die Naam van die Here.

Net soos Paulus<sup>172</sup> het Petrus ook nie self die doop bedien nie, maar dit deur sy medewerkers laat doen. Waarskynlik wou hulle voorkom dat mense meer waarde heg aan die doop deur 'n apostel as aan die doop wat deur die helpers bedien word. Die Drie-enige God in wie se Naam die doop bedien word, verleen daaraan sy krag en nie die persoon wat die doop bedien nie.

### **Betekenis van gebeure in Cesarea**

Hierdie insig van Petrus is 'n belangrike stap in die voortgang van die evangelie. Tot dusver het die apostels en die gelowiges in die algemeen hulle beperk tot die prediking aan Jode. Daar was wel die opdrag van die Here om uit te gaan na alle nasies, maar die gelowiges het nog steeds net gedink aan die Jode wat onder alle nasies in die verstrooiing gewoon het.

Die Samaritane onder wie Filippus so 'n groot werk gedoen het, was nie werklik heidene nie aangesien hulle van Joodse afkoms was. Die Ethiopiër wat deur Filippus gedoop is, is as 'n uitsondering beskou. Ook elders in die heidense gebied waar gemeentes ontstaan het, was die prediking nie direk vir die heidene bedoel nie. Maar nou kom Petrus in Cesarea tot die insig dat God sy uitverkorenes onder alle volke het en dat die evangelie aan die heidene gerig moet word.

---

171 1 Kor. 12: 10 ... aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.

172 1 Kor. 1: 14 en 15 Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie.

**Aanbevole leesstukke:**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 414 - 433 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 432 - 443 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 716 - 727 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 643 - 656 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: